

# Die Skriftuurlike verstaan van die Mens as Siel

## Wat is dit wat werklik ná ons dood gebeur?

## VERWARRENDE EN TEENSTRYDIGE IDEES OOR DIE SIEL VAN DIE MENS

- Antieke Griekse Filosowe (voor die geboorte van Messias): “The soul is inherently and essentially vital; therefore the soul cannot die.”
- Polikarpus (2de eeu): “The martyrs for the sake of Messiah have a share in his cup unto the resurrection of eternal life, both of the soul and the body.”
- Tertullianus (3de eeu): “The soul, then, we define to be sprung from the breath of God, immortal ... I will use, therefore, the opinion of a Plato when asserting ‘Every soul is immortal’...”
- Luther (16de eeu): Hy beskryf die siening van Pous Leo X dat die siel onsterflik is, as volg: “He loves making articles for himself and his faithful, but this is just one of the (many) monstrous opinions found in the Roman dunghill of decrees.”
- Calvyn (16 de eeu): “The souls of those who die in the faith of Christ live with Christ and do not sleep.”
- Isaac Newton (17de eeu): “If the saints go to heaven before the resurrection, then every man is rewarded according to his works before Christ comes and the dead are judged before the appointed time at which they should be judged.”
- John Wesley (18de eeu): “Death is essentially the separation of the soul from the body, man’s body and soul will be united again on the day of the resurrection.”
- James Whitmore (19de eeu): “The Hebrew Scriptures nowhere mention that man's nature is compounded of two antagonistic substances, or that he has an immortal soul.”

# 1 Wat is die Asem van die Lewe wat van Yahweh af kom?

Gen 2:7 En Yahweh Elohiem het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.

Gen 7:14-15 Al die wilde diere ... al die vee ... al die voëls ... van al die vlees waar 'n lewensgees (lewens-asem) in was, het twee-twee na Noag in die ark gegaan.

Pred 3:19-20 Die seuns van Adam en die veediere ... het almal dieselfde asem ... alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.

Gen 1:20 En Elohiem het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens (letterlik “lewende siele” – “nefesh chayah”), en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die lugruimte van die hemel.

# 2 Waarom word die mens soms "adam" en soms "enosh" genoem?

Gen 4:26 En ook vir Shet is 'n seun gebore, wat hy Enosh (van die woord "anash", wat beteken: "to be frail, feeble, weak, mortal") genoem het. Toe het hulle die Naam van Yahweh begin aanroep.

Job 9:2 Waarlik, ek weet dat dit so is; en hoe kan 'n mens ("enosh") regverdig wees by El ... 10:5 Is u dae soos die dae van 'n mens ("enosh")?

Ps 9:19-20 Staan op, Yahweh, laat die mens ("enosh") nie sterk word nie ... laat die heidene weet, hulle (hy) is net 'n mens ("enosh").

Jes 51:12 Ek is dit wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens ("enosh") wat moet sterf, en vir die seun van Adam wat oorgegee word soos gras?

# 3 Watter deel van die mens word met gras, 'n blom en skaduwee vergelyk?

Ps 144:4 Die mens ("adam") is soos die nietigheid; sy dae is soos 'n vlugtige skaduwee.

Ps 102:11 My dae is soos 'n ska-duwee wat lank geword het, en ek, soos die plante verdor ek.

Jes 51:12 Ek is dit wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterf, en vir die seun van Adam wat oorgegee word soos gras?

Job 14:2 Die mens ("adam") spruit uit soos 'n blom en verwelk; ook vlug hy soos 'n skaduwee en hou nie stand nie.

1 Pet 1:24-24 Want alle vlees is soos gras, en al die voortreflikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van Yahweh bly tot in ewigheid (Ps 63 My siel dors na U, my vlees smag na U).

# 4 Is die persoon wat gesterf het van enige iets bewus?

Ps 146:4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan (KJV "that very day his thoughts perish").

Pred 9:10 Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.

Ps 88:11 Kan u goedertieren-heid vertel word in die graf, u trou in die plek van vertering?

Ps 6:5 Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk? (KJV "there is no remembrance of You").

Jes 38:18 Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie.

# 5 Wanneer gaan die Oordeel plaasvind?

2 Tim 4:1 Ek besweer jou dan voor Elohiem en die Meester, Y'shua die Messias, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning.

Hand 17:31 Elohiem het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het.

Mat 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gesê het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

1 Kor 4:5 Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Meester kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van Elohiem ontvang.

# 6 In watter sin het Y'shua die dood oorwin?

Joh 6:40 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Jes 25:8 Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Meester Yahweh sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die oneer van sy volk van die hele aarde af wegneem; want Yahweh het dit gesê.

1 Kor 15:26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood

Heb 9:28 Hy is een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem, en sal 'n tweede maal verskyn aan die wat Hom verwag tot verlossing.

Joh 5:28-29 Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.

Opb 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood, die poel van vuur.

# 7 Wat is die betekenis van 1 Pet 3:18-20?

1 Pet 3:18 Want die Messias het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot Elohiem te bring - Hy wat wel doodgemaak is na die vlees, maar lewend gemaak (opgewek is) deur die Gees – vgl. met 1 Kor 15:44-45 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek ... Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

1 Pet 3:19-20 in wie Hy ook (nadat Hy lewend gemaak is) heengegaan en gepreek het (“kerusso”=“proklameer”: moontlik sy oorwinning oor die dood geproklameer het) vir die geeste (in die NT verwys die meervoud “geeste” gewoonlik na gevalle boodskappers of demone wat in Satan se diens is) in die gevangenis (In die NT word hierdie woord “phulake” 47 keer gebruik, maar nie een keer vir die doderyk of “hades” nie) wat eertyds ongehoorsaam was (LW die “geeste wat ongehoorsaam was” NIE die “geeste van dié wat ongehoorsaam was” nie) toe die lankmoedigheid van Elohiem een maal gewag het in die dae van Noag (dalk die “seuns van Elohiem” in Noag se tyd wat vir hulle aardse vroue geneem het – Gen 6).

# Waaraan kan Gelowiges in die Messias elke dag bly Vashou?

- Yahweh het sy asem van lewe in ons geblaas – die grootste geskenk wat daar is! (1)
- Ons hoef nie troos boodskappe oor ons toekoms uit te dink nie, want Hy sê “Ek is dit wat julle troos”! (2,3)
- Elke enkele dag dat ons lewe, is ‘n geleentheid om van Yahweh se goedertierenheid te vertel! (4)
- Daar is niks wat ons méér inspireer as die dryfveer om op die Dag van Oordeel lof van Elohiem te ontvang nie! (5)
- Ons lewe elke dag met die verwagting om op die Laaste Dag opgewek te word, in die Messias! (6)